REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* | *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 401 | CAPE TOWN, 2 NOVEMBER 1998 | KAAPSTAD, 2 NOVEMBER 1998 | No. 19417


OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1397. 2 November 1998

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 94 of 1998: Transformation of Certain Rural Areas Act, 1998.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1397. 2 November 1998

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 94 van 1998: Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 20 October 1998.)*

# ACT

**To provide for the transfer of certain land to municipalities and certain other legal entities; the removal of restrictions on the alienation of land; matters with regard to minerals; the repeal of the Rural Areas Act, 1987, and related laws; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "board area" means an area, or part of an area, consisting of one or more pieces of land, whether they are contiguous or not, to which the provisions of the Rural Areas Act, 1987, applied immediately before the commencement of this Act; (vii)

(ii) "elected committee" means a committee, elected by the residents of a board area who have reached the age of 18 years or older, which has satisfied the Minister that it represents the majority of such residents; (x)

(iii) "entity" means—

*(a)* a municipality;

*(b)* a communal property association registered in terms of section 8 of the Communal Property Associations Act, 1996 (Act No. 28 of 1996); or

*(c)* another body or person approved by the Minister in general or in a particular case; (ii)

(iv) "Minister" means the Minister for Agriculture and Land Affairs; (iv)

(v) "municipality" means a municipality referred to in section 10B of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993); (v)

(vi) "remainder" means land situated in a board area other than township land, including land which has been planned, classified and subdivided as an agricultural area or outer commonage in terms of section 20(2) of the Rural Areas Act, 1987; (viii)

(vii) "resident" means a person who, at the date of commencement of this Act—

*(a)* ordinarily resides in a board area; or

*(b)* under law is liable for the payment of assessment rates, rent, service charges or levies to the municipality concerned in respect of land situated in a board area; (iii)

(viii) "Rural Areas Act, 1987" means the Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 (Act No. 9 of 1987); (xi)

(ix) "township" means any township situated in a board area established, approved, proclaimed or otherwise recognised as such under any law; (i)

(x) "transitional period" means a period referred to in section 9; (vi) and

(xi) "trust land" means land situated in a board area that vests in the Minister in terms of section 7 of the Rural Areas Act, 1987. (ix)

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 20 Oktober 1998.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die oordrag van sekere grond aan munisipaliteite en sekere ander regsentiteite; die intrekking van beperkings op die vervreemding van grond; aangeleenthede met betrekking tot minerale; die herroeping van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, en verbandhoudende wette; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywings**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "dorp" 'n dorp in 'n raadsgebied geleë wat kragtens een of ander wet as sodanig gestig, goedgekeur, geproklameer of andersins erken is; (ix)

(ii) "entiteit"—
- *(a)* 'n munisipaliteit;
- *(b)* 'n vereniging vir gemeenskaplike eiendom wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet No. 28 van 1996), geregistreer is; of
- *(c)* 'n ander liggaam of persoon deur die Minister in die algemeen of in 'n bepaalde geval goedgekeur; (iii)

(iii) "inwoner" 'n persoon wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet—
- *(a)* gewoonlik in 'n raadsgebied woonagtig is; of
- *(b)* by wet vir die betaling van eiendomsbelasting, huur, diensgeld of heffings aan die betrokke munisipaliteit ten opsigte van grond binne die raadsgebied geleë, aanspreeklik is; (vii)

(iv) "Minister" die Minister vir Landbou en Grondsake; (iv)

(v) "munisipaliteit" 'n munisipaliteit in artikel 10B van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), bedoel; (v)

(vi) "oorgangstyd" 'n tydperk in artikel 9 bedoel; (x)

(vii) "raadsgebied" 'n gebied, of 'n gedeelte van 'n gebied, bestaande uit een of meer stukke grond, hetsy aangrensend al dan nie, waarop die bepalings van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van toepassing was; (i)

(viii) "restant" grond geleë in 'n raadsgebied anders as dorpsgrond, maar sluit ook grond in wat ingevolge artikel 20(2) van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, as 'n landbougebied of 'n buitemeent beplan, ingedeel en onderverdeel is; (vi)

(ix) "trustgrond" grond geleë in 'n raadsgebied wat ingevolge artikel 7 van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, by die Minister berus; (xi)

(x) "verkose komitee" 'n komitee, verkies deur die inwoners van 'n raadsgebied wat die ouderdom van 18 jaar of ouer bereik het, wat die Minister oortuig het dat dit die meerderheid van daardie inwoners verteenwoordig; (ii) en

(xi) "Wet op Landelike Gebiede, 1987" die Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 (Wet No. 9 van 1987). (viii)

**Transfer of trust land in a township**

**2.** At the commencement of this Act, all trust land situated in a township must vest in the municipality of the area where such land is situated, subject to the continued existence of any registered or registrable rights of a person in or over a piece of land in the township.

**Transfer of land in the remainder**

**3.** (1) *(a)* Trust land in the remainder or land in the remainder which vests in a municipality in terms of a law listed in the Schedule, may be transferred to an entity at any time prior to the expiry of the transitional period.

*(b)* Different pieces of land referred to in paragraph *(a)* may be transferred to different entities.

*(c)* Land referred to in paragraph *(a)* may be transferred from the registered owner thereof directly to the relevant entity, irrespective of the vesting or ownership of that land immediately prior to such transfer, and the provisions of section 14 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), do not apply to such transfer.

(2) No transfer of land referred to in subsection (1) must take place unless the Minister is satisfied that, in the event of a transfer to—

*(a)* a municipality, the legislation applicable to such a municipality; or

*(b)* a communal property association or other body approved by the Minister, the rules of such association or body,

make suitable provision for a balance of security of tenure rights and protection of rights of use of—

(i) the residents mutually;

(ii) individual members of such a communal property association or other body;

(iii) present and future users or occupiers of land,

and the public interest of access to land on the remainder and the continued existence or termination of any existing right or interest of a person in such land.

(3) If in the opinion of the Minister the legislation or rules referred to in subsection (2) do not fully achieve the objects of subsection (2), he or she may determine terms and conditions for the transfer of such land, in order to achieve such objects.

(4) *(a)* The municipality of a board area may within three months after the commencement of this Act and must within three months after the date referred to in section 9(1)*(a)* submit a notice to the Minister setting out how and when it intends determining to which entity the land referred to in subsection (1) should be transferred.

*(b)* If the municipality fails to submit a notice referred to in paragraph *(a)* within three months after the date referred to in section 9(1)*(a)*, an elected committee may submit such a notice to the Minister.

*(c)* The notice referred to in paragraph *(a)* may include—

(i) a date of a special meeting to be convened for that purpose; or

(ii) a written survey reflecting the name, identity number or date of birth, address and signature of the residents; or

(iii) any other matter relating to the manner in which it intends making the determination referred to in paragraph *(a)*.

*(d)* Upon receipt of the notice referred to in paragraph *(a)*, the Minister must cause it to be published in the *Gazette* and in a newspaper circulating in the district in which the land is situated, unless the Minister determines such other procedures as he or she may deem fit.

(5) After compliance with the notice referred to in subsection (4)*(c)*, the municipality or elected committee must submit a written report to the Minister recommending to which entity or entities the land referred to in subsection (1) must be transferred.

(6) If, upon receipt of the report referred to in subsection (5), the Minister is satisfied with the recommendation, he or she must inform the municipality or elected committee of his or her decision and must take steps to transfer such land to the entity concerned.

**Oordrag van trustgrond in 'n dorp**

**2.** By die inwerkingtreding van hierdie Wet berus alle trustgrond wat in 'n dorp geleë is in die munisipaliteit van die gebied waar die grond geleë is, behoudens die voortbestaan van enige geregistreerde of registreerbare regte van 'n persoon in of op 'n stuk grond in die dorp.

**Oordrag van grond in die restant**

**3.** (1) *(a)* Trustgrond in die restant of grond in die restant wat in 'n munisipaliteit berus ingevolge 'n wet in die Bylae gelys, kan te eniger tyd voor die verstryking van die oorgangstyd aan 'n entiteit oorgedra word.

*(b)* Verskillende gedeeltes van die grond in paragraaf *(a)* bedoel, kan aan verskillende entiteite oorgedra word.

*(c)* Grond in paragraaf *(a)* bedoel, kan regstreeks vanaf die geregistreerde eienaar daarvan aan die betrokke entiteit oorgedra word, ongeag die vestiging of eiendomsreg van daardie grond onmiddellik voor daardie oordrag en die bepalings van artikel 14 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), is nie op daardie oordrag van toepassing nie.

(2) Geen oordrag van grond in subartikel (1) bedoel vind plaas nie, tensy die Minister oortuig is dat, in die geval van 'n oordrag aan—

*(a)* 'n munisipaliteit, die wetgewing van toepassing op so 'n munisipaliteit; of

*(b)* 'n vereniging vir gemeenskaplike eiendom of ander liggaam deur die Minister goedgekeur, die reëls van sodanige vereniging of liggaam,

voldoende voorsiening maak vir 'n balans van sekerheid van besitregte en beskerming van gebruiksregte van—

(i) die inwoners onderling;

(ii) individuele lede van so 'n vereniging vir gemeenskaplike eiendom of ander liggaam;

(iii) die huidige en toekomstige gebruikers of okkupeerders van grond,

en die openbare belang van toegang tot grond op die restant en die voortbestaan of beëindiging van enige bestaande reg of belang van 'n persoon in daardie grond.

(3) Indien die Minister van mening is dat die wetgewing of reëls bedoel in subartikel (2) die doelwitte van subartikel (2) nie ten volle bereik nie, kan hy of sy bedinge en voorwaardes vir die oordrag van sodanige grond bepaal ten einde daardie doelwitte te bereik.

(4) *(a)* Die munisipaliteit van 'n raadsgebied kan binne drie maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet en moet binne drie maande na die datum in artikel 9(1)*(a)* bedoel 'n kennisgewing aan die Minister voorlê waarin uiteengesit word hoe en wanneer hy voornemens is om te bepaal aan welke entiteit die grond in subartikel (1) bedoel, oorgedra moet word.

*(b)* Indien die munisipaliteit in gebreke bly om 'n kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel binne drie maande na die datum in artikel 9(1)*(a)* bedoel, voor te lê, kan 'n verkose komitee so 'n kennisgewing aan die Minister voorlê.

*(c)* Die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel, kan—

(i) 'n datum vir 'n spesiale vergadering vir daardie doel belê; of

(ii) 'n skriftelike opname, waarin die naam, identiteitsnommer of geboortedatum, adres en handtekening van die inwoners voorkom; of

(iii) enige ander aangeleentheid betreffende die wyse waarop hy voornemens is om die bepaling in paragraaf *(a)* bedoel te maak,

insluit.

*(d)* By ontvangs van die kennisgewing in paragraaf *(a)* bedoel, moet die Minister dit in die *Staatskoerant* en in 'n nuusblad wat in omloop is in die distrik waar die grond geleë is, laat publiseer, tensy die Minister die ander prosedures wat hy of sy goeddink, bepaal.

(5) Na voldoening aan die kennisgewing in subartikel (4)*(c)* bedoel, moet die munisipaliteit of verkose komitee 'n skriftelike verslag aan die Minister voorlê waarin aanbeveel word aan welke entiteit of entiteite die grond in subartikel (1) bedoel, oorgedra moet word.

(6) Indien, by ontvangs van die verslag in subartikel (5) bedoel, die Minister met die aanbeveling tevrede is, moet hy of sy die munisipaliteit of verkose komitee van sy of haar besluit verwittig en stappe doen om die betrokke grond aan die betrokke entiteit oor te dra.

(7) If, upon receipt of the report referred to in subsection (5), the Minister is not satisfied with the recommendation, he or she must inform the municipality or elected committee of the reasons for his or her rejection and specify how a new recommendation should be made to him or her.

(8) The Minister may designate any person to—

*(a)* assist the municipality or elected committee in making the recommendation referred to in subsection (7); or

*(b)* investigate the matter and submit a written report to the Minister recommending to which entity the land referred to in subsection (1) must be transferred.

(9) Any person designated under subsection (8) may, for the purposes of his or her investigation—

*(a)* gather such information as he or she may deem necessary;

*(b)* hear or receive representations from any person;

*(c)* question any person who in his or her opinion may have relevant information available;

*(d)* by agreement between interested parties, settle any difference as to the land which forms the subject of the investigation, or the boundaries of such land;

*(e)* if requested by interested parties, determine the boundaries of such land or, if they cannot be determined, establish such boundaries after consultation with interested parties; and

*(f)* at any reasonable time, enter upon such land or any contiguous land.

(10) Any person designated under subsection (8) may, in the performance of his or her functions, be accompanied by such persons as he or she may deem necessary.

(11) The Minister must issue a certificate of designation to a person designated under subsection (8) and such person must, at the request of any person affected by the performance of his or her functions under this section, produce such a certificate of designation.

(12) If, upon receipt of the recommendation or report referred to in subsection (7) or (8), the Minister is—

*(a)* satisfied with the recommendation, he or she must inform the municipality or elected committee of his or her decision and must take steps to transfer such land to the entity concerned;

*(b)* not satisfied with the recommendation, or if the residents fail to make a recommendation within the transitional period, the Minister may decide to which entity the land referred to in subsection (1) must be transferred and must take steps to transfer the land to such entity.

(13) Any trust land which is not transferred at the expiry of the transitional period vests in the Minister, who may continue to hold such land in trust and may at any time thereafter dispose of that land in accordance with the principles of this Act.

(14) If the land referred to subsection (1), or any portion thereof, has not been surveyed, the Minister must cause such land to be surveyed.

(15) No transfer duty, stamp duty or other registration fees are payable in respect of any transfer in terms of this Act.

(16) The Minister may direct that any costs, including survey costs, necessary for the implementation of the provisions of this section be defrayed in full or in part from monies appropriated by Parliament for that purpose.

**Principles to be adhered to by a municipality**

**4.** (1) When dealing with the land transferred to a municipality in terms of sections 3(6) and 12*(a)* or *(b)*, such municipality—

*(a)* must afford residents a fair opportunity to participate in the decision making processes regarding the administration of the land;

*(b)* must not discriminate against any resident;

*(c)* must give residents reasonable preference in decisions about access to the land;

*(d)* must not sell or encumber the land, or any substantial part of it, without the consent of a majority of residents at a public meeting called for that purpose;

(7) Indien, by ontvangs van die verslag in subartikel (5) bedoel, die Minister nie met die aanbeveling tevrede is nie, moet hy of sy die munisipaliteit of verkose komitee van die redes vir sy of haar afwysing verwittig en aandui hoe 'n nuwe aanbeveling aan hom of haar gedoen moet word.

(8) Die Minister kan 'n persoon aanwys om—

*(a)* die munisipaliteit of verkose komitee by te staan om die aanbeveling in subartikel (7) bedoel, te doen; of

*(b)* die aangeleentheid te ondersoek en 'n skriftelike verslag aan die Minister voor te lê waarin aanbeveel word aan welke entiteit die grond in subartikel (1) bedoel, oorgedra moet word.

(9) 'n Persoon kragtens subartikel (8) aangewys, kan vir die doeleindes van sy of haar ondersoek—

*(a)* die inligting inwin wat hy of sy nodig ag;

*(b)* vertoë van 'n persoon aanhoor of ontvang;

*(c)* iemand ondervra wat volgens sy of haar oordeel oor tersaaklike inligting beskik;

*(d)* by wyse van ooreenkoms tussen belanghebbende partye, enige geskil oor die grond wat die onderwerp van die ondersoek uitmaak, of die grense van daardie grond, skik;

*(e)* indien deur die belanghebbende partye versoek, die grense van daardie grond bepaal, of indien dit nie bepaal kan word nie, die grense na oorleg met belanghebbende partye vasstel; en

*(f)* te eniger redelike tyd, die grond of enige aanliggende grond betree.

(10) 'n Persoon kragtens subartikel (8) aangewys, kan by die verrigting van sy of haar werksaamhede vergesel word van die persone wat hy of sy nodig ag.

(11) Die Minister moet 'n sertifikaat van aanwysing aan 'n persoon wat kragtens subartikel (8) aangewys is, uitreik, en so 'n persoon moet op versoek van enige persoon wat deur die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie artikel geraak word, die sertifikaat van aanwysing toon.

(12) Indien, by ontvangs van die aanbeveling of verslag in subartikel (7) of (8) bedoel, die Minister—

*(a)* met die aanbeveling tevrede is, moet hy of sy die munisipaliteit of verkose komitee van sy of haar besluit verwittig en stappe doen om die betrokke grond aan die betrokke entiteit oor te dra;

*(b)* nie met die aanbeveling tevrede is nie, of indien die inwoners in gebreke bly om binne die oorgangstyd 'n aanbeveling te doen, kan die Minister besluit aan welke entiteit die grond in subartikel (1) bedoel, oorgedra moet word en stappe doen om die betrokke grond aan die betrokke entiteit oor te dra.

(13) Enige trustgrond wat by die verstryking van die oorgangstyd nie oorgedra is nie, setel in die Minister, wat daardie grond in trust kan bly hou en te eniger tyd daarna oor daardie grond ooreenkomstig die beginsels van hierdie Wet kan beskik.

(14) Indien die grond in subartikel (1) bedoel, of enige gedeelte daarvan, nie opgemeet is nie, moet die Minister sodanige grond laat opmeet.

(15) Geen hereregte, seëlregte of ander registrasiegelde is ten opsigte van 'n oordrag ingevolge hierdie Wet betaalbaar nie.

(16) Die Minister kan gelas dat enige koste, met inbegrip van opmetingskoste, noodsaaklik vir die implementering van die bepalings van hierdie artikel in die geheel of gedeeltelik bestry kan word uit geld vir dié doel deur die Parlement bewillig.

**Beginsels wat deur munisipaliteit nagekom moet word**

**4.** (1) Wanneer met grond wat ingevolge artikels 3(6) en 12*(a)* of *(b)* aan 'n munisipaliteit oorgedra is, gehandel word—

*(a)* moet daardie munisipaliteit inwoners 'n billike geleentheid gun om deel te neem aan die besluitnemingsprosesse rakende die administrasie van die grond;

*(b)* moet daardie munisipaliteit nie teen enige inwoner diskrimineer nie;

*(c)* moet daardie munisipaliteit aan inwoners redelike voorkeur in besluite rakende die toegang tot die grond gee;

*(d)* moet daardie munisipaliteit nie, sonder die instemming van die meerderheid van die inwoners teenwoordig by 'n openbare vergadering vir daardie doel belê, die grond of enige wesenlike deel daarvan verkoop of met 'n verband of andersins beswaar nie;

*(e)* is accountable to the residents;

*(f)* must manage and record effectively all financial transactions regarding the land; and

*(g)* has fiduciary responsibilities in relation to the residents.

(2) Despite the provisions of any law regarding the disposal of municipal land in a township, the residents must be given reasonable preference to acquire land referred to in section 3(1).

**Removal of restrictions**

**5.** (1) Subject to section 4, at the commencement of this Act, any provision, irrespective of whether it is contained in any law listed in the Schedule or registered against the title of land situated in a board area which—

*(a)* placed any restriction on the period for which the land right concerned was granted;

*(b)* placed any restriction, other than by virtue of an agreement to which the holder of such land tenure right was a party, on the capacity of the holder to alienate, bequeath, let, hypothecate or otherwise deal with such land right; or

*(c)* placed any restriction on the transfer of such land right to, or on the possession, use or occupation of such erf or piece of land by, any person of a particular population or ethnic group or who is not of a particular population or ethnic group,

is abolished.

(2) No transfer duty, stamp duty or other fees are payable in respect of any such abolition.

**Mineral rights**

**6.** (1) Despite the repeal of the Rural Areas Act, 1987, and despite section 3 of this Act, at the commencement of this Act all mineral rights in land referred to in section 51(1) and (2) of the Rural Areas Act, 1987, vest in the State.

(2) *(a)* Despite anything to the contrary contained in any other law, prospecting for or mining of minerals on land situated in a board area must only be undertaken with the written consent of the Minister of Minerals and Energy in terms of sections 6(3) and 9(2) of the Minerals Act, 1991 (Act No. 50 of 1991).

*(b)* The said Minister may only give his or her consent after consultation and with the approval of the entity concerned, which approval may not be unreasonably withheld.

(3) Despite anything to the contrary contained in any other law, the Minister of Minerals and Energy in granting the consent referred to subsection (2) must impose such fees, restrictions and conditions as he or she may deem fit, in particular with respect to—

*(a)* a preference to exploitation by the residents, and in suitable instances in collaboration with external institutions, taking the optimal utilisation, exploration and exploitation of the minerals and the rehabilitation of the surface into account;

*(b)* surface rentals;

*(c)* the establishment of an equity sharing arrangement to the mutual benefit of all parties concerned; and

*(d)* work opportunities to the extent reasonably possible for residents.

(4) Despite section 6(2)*(b)* and (3), any application submitted to the Department of Minerals and Energy before the commencement of this Act for the consent of the Minister of Minerals and Energy in terms of section 51(3) of the Rural Areas Act, 1987, must be dealt with in accordance with the provisions of the said section 51(3) and must not be subject to section 6(2)*(b)* and (3) of this Act.

(e) is daardie munisipaliteit aanspreeklik teenoor die inwoners;

(f) moet daardie munisipaliteit alle finansiële transaksies rakende die grond doeltreffend bestuur en aanteken; en

(g) het daardie munisipaliteit vertrouensverantwoordelikhede teenoor die inwoners.

(2) Ondanks die bepalings van enige wet betreffende die beskikking oor munisipale grond in 'n dorp, moet aan die inwoners redelike voorkeur gegee word om grond in artikel 3(1) bedoel, te verkry.

**Opheffing van beperkings**

**5.** (1) Behoudens artikel 4, word, by die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n bepaling, hetsy dit vervat is in 'n wet in die Bylae gelys of geregistreer is teen die titel van grond in 'n raadsgebied geleë, wat—

(a) 'n beperking geplaas het op die tydperk waarvoor die betrokke grondreg verleen was;

(b) 'n beperking, anders as uit hoofde van 'n ooreenkoms waarby die houer van die grondreg 'n party was, geplaas het op die bevoegdheid van die houer om die grondreg te vervreem, te bemaak, te verhuur of te verhipotekeer of andersins daarmee te handel; of

(c) 'n beperking geplaas het op die oordrag van die grondreg aan, of op die besit, gebruik of okkupasie van die erf of stuk grond deur, 'n persoon van 'n bepaalde bevolkings- of etniese groep of wat nie van 'n bepaalde bevolkings- of etniese groep is nie,

hierby opgehef.

(2) Geen hereregte, seëlreg of ander gelde is ten opsigte van sodanige opheffing betaalbaar nie.

**Mineraalregte**

**6.** (1) Ondanks die herroeping van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, en ondanks artikel 3 van hierdie Wet, setel alle mineraalregte in grond in artikel 51(1) en (2) van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, bedoel, by die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Staat.

(2) *(a)* Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, geskied prospektering na of die myn van minerale op grond in 'n raadsgebied geleë slegs met die skriftelike toestemming van die Minister van Minerale en Energie ingevolge artikels 6(3) en 9(2) van die Mineraalwet, 1991 (Wet No. 50 van 1991).

*(b)* Die gemelde Minister mag sy of haar toestemming slegs verleen na oorlegpleging en met goedkeuring van die betrokke entiteit, welke goedkeuring nie onredelik weerhou mag word nie.

(3) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, moet die Minister van Minerale en Energie met die verlening van toestemming in subartikel (2) bedoel die gelde, beperkinge en voorwaardes oplê wat hy of sy goeddink, in die besonder ten opsigte van—

(a) 'n voorkeur vir ontginning deur die inwoners en in gepaste gevalle in medewerking met buite-instansies, met inagneming van die optimale benutting van, prospektering na en myn van die minerale en die rehabilitasie van die oppervlakke;

(b) oppervlaktehuur;

(c) die instelling van 'n aandele reëling tot die gemeenskaplike voordeel van al die betrokke partye; en

(d) werksgeleenthede in soverre dit redelik moontlik is vir lede van die gemeenskap.

(4) Ondanks artikel 6(2)*(b)* en (3), word enige aansoek wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by die Departement van Minerale en Energie ingedien is vir die toestemming van die Minister van Minerale en Energie kragtens artikel 51(3) van die Wet op Landelike Gebiede, 1987, ooreenkomstig die bepalings van genoemde artikel 51(3) mee gehandel en is nie aan artikel 6(2)*(b)* en (3) van hierdie Wet onderhewig nie.

**Regulations**

**7.** The Minister may make regulations regarding—

*(a)* any matter required or permitted to be prescribed in terms of this Act; and

*(b)* generally, all matters which in his or her opinion are necessary or expedient to be prescribed in order to achieve the objects of this Act.

**Delegation of powers**

**8.** (1) *(a)* The Minister may, either in general or in a particular case or in cases of a particular nature, in writing delegate any power conferred upon him or her by or under this Act, except the power referred to in section 7, to—

(i) a Premier of a province; or

(ii) any officer in the service of the national government.

*(b)* Any person to whom any power has been delegated under paragraph *(a)* must exercise that power subject to the directions of the Minister.

*(c)* The Minister may, at any time, revoke in writing such delegation, and the delegation of any power must not prevent the Minister, during the period of revocation, from exercising that power himself or herself.

(2) *(a)* The Premier of a province to whom any power has been delegated under subsection (1)*(a)*(i) may, subject to any directions referred to in subsection (1)*(b)* and such other conditions and periods of time as he or she may consider necessary, in writing delegate any such power to—

(i) any member of the Executive Council of that province; or

(ii) any officer in the service of the provincial government.

*(b)* Any person to whom any power has been delegated under paragraph *(a)* must exercise that power subject to the directions of the Premier.

*(c)* The Premier may, at any time, revoke in writing such delegation, and the delegation of any power may not prevent the Premier, during the period of revocation, from exercising that power himself or herself.

**Transitional period**

**9.** (1) *(a)* A transitional period is a period of 18 months which commences on a date determined by the Minister by notice in the *Gazette*.

*(b)* The Minister may determine different dates for different board areas or parts of board areas.

*(c)* When determining the date referred to in paragraph *(a)*, the Minister must take into account the demarcation of the municipal boundaries of a board area in terms of the Local Government: Municipal Demarcation Act, 1998 (Act No. 27 of 1998).

(2) The Minister may, by notice in the *Gazette*, extend such period for another period of six months.

**Repeal of Act 9 of 1987 and related laws**

**10.** (1) The laws listed in the Schedule are repealed to the extent indicated in the third column thereof.

(2) *(a)* The repeal of the laws listed in the Schedule comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

*(b)* Different dates may be determined in respect of—

(i) different board areas or parts of board areas; and

(ii) different laws or parts of laws.

*(c)* The President must determine the date referred to in paragraph *(a)* on the recommendation of the Minister.

*(d)* The Minister must inform the Minister for Provincial Affairs and Constitutional Development timeously of his or her intention to make a recommendation referred to in paragraph *(c)* to the President.

(3) If, prior to the date referred to subsection (2), in the application of this Act in a board area—

*(a)* any conflict is found to exist between a provision of this Act and a provision of a law listed in the Schedule; or

**Regulasies**

**7.** Die Minister kan regulasies uitvaardig oor—

*(a)* enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en

*(b)* in die algemeen, alle aangeleenthede wat na sy of haar mening nodig of wenslik is om voor te skryf ten einde die doelstellings van hierdie Wet te bereik.

**Delegering van bevoegdhede**

**8.** (1) *(a)* Die Minister kan skriftelik, in die algemeen of in 'n bepaalde geval of in gevalle van 'n bepaalde aard, enige bevoegdheid wat by of kragtens hierdie Wet aan hom of haar verleen is, behalwe die bevoegdheid in artikel 7 bedoel, delegeer aan—

(i) 'n Premier van 'n provinsie; of

(ii) enige beampte in diens van die nasionale regering.

*(b)* 'n Persoon aan wie 'n bevoegdheid kragtens paragraaf *(a)* gedelegeer is, verrig daardie bevoegdheid onderworpe aan die voorwaardes van die Minister.

*(c)* Die Minister kan te eniger tyd sodanige delegering skriftelik intrek, en die delegering van 'n bevoegdheid verhinder nie die Minister om, gedurende die tydperk van intrekking, daardie bevoegdheid self uit te oefen nie.

(2) *(a)* Die Premier van 'n provinsie aan wie 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1)*(a)*(i) gedelegeer is, kan, behoudens enige voorwaardes beoog in subartikel (1)*(b)* en die verdere voorwaardes en tydperke wat hy of sy nodig mag ag, enige sodanige bevoegdheid skriftelik delegeer aan—

(i) 'n lid van die Uitvoerende Raad van daardie provinsie; of

(ii) 'n beampte in diens van die betrokke provinsiale regering.

*(b)* 'n Persoon aan wie 'n bevoegdheid kragtens paragraaf *(a)* gedelegeer is, verrig daardie bevoegdheid onderworpe aan die voorwaardes van die Premier.

*(c)* Die Premier kan te eniger tyd sodanige delegering skriftelik intrek, en die delegering van 'n bevoegdheid verhinder nie die Premier om, gedurende die tydperk van intrekking, daardie bevoegdheid self uit te oefen nie.

**Oorgangstyd**

**9.** (1) *(a)* 'n Oorgangstyd is 'n periode van 18 maande wat begin op 'n datum wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

*(b)* Die Minister kan verskillende datums vir verskillende raadsgebiede of gedeeltes van raadsgebiede bepaal.

*(c)* In die bepaling van die datum in paragraaf *(a)* bedoel, moet die Minister die bepaling van munisipale grense van 'n raadsgebied kragtens die Wet op Plaaslike Owerhede: Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998), in ag neem.

(2) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, sodanige tydperk met 'n verdere tydperk van ses maande verleng.

**Herroeping van Wet 9 van 1987 en verbandhoudende wette**

**10.** (1) Die wette in die Bylae gelys, word herroep in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

(2) *(a)* Die herroeping van die wette in die Bylae gelys, tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*(b)* Verskillende datums kan bepaal word ten opsigte van—

(i) verskillende raadsgebiede of gedeeltes van raadsgebiede; en

(ii) verskillende wette of gedeeltes van wette.

*(c)* Die President moet die datum in paragraaf *(a)* bedoel op die aanbeveling van die Minister bepaal.

*(d)* Die Minister moet die Minister vir Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling betyds inlig van sy of haar voorneme om 'n aanbeveling in paragraaf *(c)* bedoel aan die President te doen.

(3) Indien, voor die datum in subartikel (2) bedoel, by die toepassing van hierdie Wet in 'n raadsgebied—

*(a)* bevind word dat daar 'n teenstrydigheid tussen 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van 'n wet in die Bylae gelys, bestaan; of

(*b*) any provision of this Act and any provision of any law listed in the Schedule are found to give rise to administrative difficulty,

the President may, by proclamation in the *Gazette*, determine to which extent either a provision of this Act or a provision of a law listed in the Schedule must apply to that area, in any manner he or she may deem necessary to remove the conflict or difficulty.

**Short title**

**11.** This Act is called the Transformation of Certain Rural Areas Act, 1998.

*(b)* 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van 'n wet in die Bylae gelys tot administratiewe probleme aanleiding gee,

kan die President, by proklamasie in die *Staatskoerant*, bepaal in watter mate óf 'n bepaling van hierdie Wet óf 'n bepaling van 'n wet in die Bylae gelys in die gebied van toepassing sal wees, op die wyse wat hy of sy nodig ag ten einde die teenstrydigheid of probleem uit die weg te ruim.

**Kort titel**

**11.** Hierdie Wet heet die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998.

## SCHEDULE

## Laws repealed by section 10

| No. and year of law | Short title | Extent of repeal |
|---|---|---|
| Act No. 9 of 1987 | Rural Areas Act (House of Representatives), 1987 | The whole |
| Act No. 90 of 1990 | Mier Rural Area Act (House of Representatives), 1990 | The whole |
| Act No. 121 of 1990 | Rural Areas Amendment Act (House of Representatives), 1990 | The whole |
| Act No. 71 of 1991 | Businesses Act, 1991 | Section 7(1)*(b)*, in so far as it repealed or amended the Rural Areas Act, 1987 |
| Act No. 108 of 1991 | Abolition of Racially Based Land Measures Act, 1991 | Sections 57 to 71 |
| Act No. 112 of 1991 | Upgrading of Land Tenure Rights Act, 1991 | Section 6(5) and paragraph 3 of Schedule 2 |
| Act No. 112 of 1993 | Rural Areas Amendment Act (House of Representatives), 1993 | The whole |
| Proclamation No. R. 154 of 31 October 1994 | | The whole |

# BYLAE

## Wette deur artikel 10 herroep

| No. en jaar van wet | Kort titel | Mate van herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 9 van 1987 | Wet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1987 | Die geheel |
| Wet No. 90 van 1990 | Wet op Landelike Gebied Mier (Raad van Verteenwoordigers), 1990 | Die geheel |
| Wet No. 121 van 1990 | Wysigingswet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1990 | Die geheel |
| Wet No. 71 van 1991 | Wet op Besighede, 1991 | Artikel 7(1)*(b)* in soverre dit die Wet op Landelike Gebiede, 1987, herroep of gewysig het |
| Wet No. 108 van 1991 | Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings, 1991 | Artikels 57 tot 71 |
| Wet No. 112 van 1991 | Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991 | Artikel 6(5) en paragraaf 3 van Bylae 2 |
| Wet No. 112 van 1993 | Wysigingswet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), 1993 | Die geheel |
| Proklamasie No. R. 154 van 31 Oktober 1994 | | Die geheel |

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000